



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

4 Augustus 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit
om na afloop van die erediens
saam met ons 'n koppie tee/
koffie in die saal te geniet.
Kom kuier lekker saam en leer
mekaar ken.

Kleuterbediening tydens
oggenddiens:
Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

*baie geluk aan almal wat
gedurende die maand verjaar.*

Bybelstudie:

Maandae: 19H00

Dinsdae 9H00: **Aan huis**

van Lucia Erasmus

Woensdae: 8H30

Donderdae: 9H00

Jong volwassenes: Evert &


Cherése Kleynhans



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!

011 672 3810



Stuur e-pos!

info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

Besoek ons webbladsy



“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Selfoonnommer: 060 342 3316

Nog voor Ontdekkers deel van my lewe geword het, het dr. Etienne Schalekamp, di. Dirk van't Zand en Nobington Murambadoro begin om studente in Princess Crossing plakkerskamp met hulle studies by te staan. Vir die afgelope 6 jaar is ek ook weekliks betrokke en help ek 4 studente met hulle afstandsonderrig deur Mukhanyo Bybelskool. Verlede jaar het een van die studente, Happy Kanyinji, sy studies voltooi. Dit was vir ds. Dirk van't Zand en vir my 'n voorreg om Happy se diploma in Jenda, waar hy nou woonagtig is, aan hom te gaan oorhandig.

Jenda is 'n klein dorpie so ongeveer 180 km noord van Lilongwe, Malawi. Ons het met 'n Intercap mainliner bus vir 2 111 km en oor drie grensposte (onthou elke land het aan weerskante van die grenspos kantore) gereis. Ons reis na Jenda was ongeveer 42 ure en ons reis terug vanaf Jenda na Johannesburg het ons meer as 50 ure geneem. Ek en 'n bus is vir eers klaar met mekaar. Ons ervarings op die grensposte het net een ding vir my geleer: In Afrika kan jy oor enige grens, enige iets sonder enige dokumentasie vat, sorg net dat jy 'n dik rol note by jou het.

Malawi is een van die armste lande in die wêreld, tog word hy ook as een van die veiligste en vriendelikste lande beskou. Veral in 'n klein dorpie soos Jenda is laasgenoemde stellings so waar. Ons het van die armste mense denkbaar gesien, terwyl hulle jou met die grootste hartlikheid en liefde ontvang het. Elke dag word daar drie keer pap, rys en marog geëet. Die eerste week het ek vasgebyt en die tweede week toe begin ek plan maak om die spyskaart so bietjie aan te vul.

Happy se vrou Catherine en haar kinders het vir my en Dirk letterlik op die hande gedra. Van vroeg dag af is hulle almal aan die werskaf om warmwater op die vuur te maak vir koffie en sodat die twee gaste kan stort. Deur die dag word daar vir ons reg gestaan en in die agtermiddag word ons stort weer vir ons voorberei. Die tweede oggend toe ek met al die dagtakies wou hand by sit, het Catherine in geen onduidelike taal my laat verstaan dat ek dit nie mag doen nie.

Wat ek wel op haar versoek moes doen, was om vir haar en 'n klein groepie mense te leer hoe om tamatiekonfyt te kook. Malawi het die mooiste en meeste tamaties wat ek in my lewe gesien het, tamaties in oorvloed. Ek het hulle geleer hoe om konfyt en tamatiesous te maak en dit is ongelooflik

hoe dankbaar hierdie mense was oor die nuwe vaardighede wat hulle aangeleer het.

Die Kanyinji familie se hoof bron van inkomste is 'n klein bakkerytjie wat brood en "buns" (hulle noem dit "cocktails") bak. Die oudste seun Amon bedryf hierdie bakkery van vroeg oggend tot laat in die nag. Op 'n goeie dag sny hierdie jongman tot ongeveer 100 brode met 'n broodmes. Die gemiddelde huishouding in Jenda beskik nie oor broodmesse nie, want hulle eet nog met die hand.

Tydens ons besoek het Dirk en ek saam met van die plaaslike predikante, al die grootkoppe van die twee grootste kerke in Malawi besoek. Ons was by die Church of Central Africa Presbyterian Nkhoma Synod in Nkoma, oos van Lilongwe, EN ons was by die Church of Central Africa Presbyterian Livingstonia in Mzuzu, in die noorde van Malawi. Alhoewel dié kerke gevestigde gemeentes in elke uithoek van Malawi het, is die geloof van die lidmate nie so diep as wat dit wyd is nie. Die lidmate is baie tradisie vas, tog is hulle geloofskennis baie oppervlakkig. Armoede en die feit dat een predikant omtrent 10 en meer gemeentes bedien, maak effektiewe bediening 'n baie groot uitdaging.

Een van die hoogtepunte op ons besoek daar was ons besoek aan Lake Malawi. Ons tydjie by Nkhata Bay was opgehelder deur helder skoon water, 'n visarend wat roep en 'n lekker swem in die kristal helder water van Malawi se meer. Alhoewel ek nie varswatervis eet nie, was die vismark ook iets om te beleef. Die visse lewe nog as hulle op die tafel beland om verkoop te word. Die groenigheid en heuwels op ons roete na Lake Malawi het my sterk herinner aan die heuwels van ons eie KwaZulu-Natal.

Dirk en ek was letterlik vir 18 dae permanent in mekaar se geselskap. Soms het ons net gesit en nadink oor wat ons die dag beleef of geleer het. By alles wat ons gesien en beleef het, is dit die mense se hartlike liefde en vriendelikheid wat midde uiterste armoede na ons toe uitgestraal het, wat ons altyd sal onthou.

In my gebede hoop en bid ek dat ek in die toekoms meer van Ontdekkers se lidmate kan gaan wys hoe Malawi lyk, dat die Here aan ons sal wys hoe ons die kerke daar kan bystaan om meer effektief die Woord te bedien. Ons as gemeente moet bid dat Happy toegelaat sal word om ten volle in

die kerk erkenning te kry en dat die Here hom en sy gesin ook daar sal gebruik.

My hart is vol dankbaarheid teenoor die Here dat Hy ons reis geseën het. Ook aan die Gereformeerde Kerk Ontdekkers en die kerkraad kan ek net my dank en waardering uitspreek vir hierdie reis en die geleentheid wat aan my gegee word om studente toe te rus vir hulle bediening in die Koninkryk van God.

Dink asseblief in julle gebede aan:

- ❖ **Elsie Trichard** wat siek is.
- ❖ **Harm Venter** wat sy skouer se ligamente geskeur het en vir die res van die jaar nie aan Judo mag deelneem nie.
- ❖ **Louis Trichard** wat uit die hospitaal ontslaan is en tans tuis aansterk.
- ❖ **Dot Badenhorst** wat haar arm gebreek het.
- ❖ **Pieter van Zyl** wat baie siek is.
- ❖ **Johan & Hilda van der Walt** bedank almal vir hulle ondersteuning en boodskappies tydens Johan se operasies en die pad na herstel.
- Kom wys ons jou **talente**, GROOT, KLEIN, JONK, OUD, voorbereid of onvorbereid, op **Vrydag, 30 Augustus 2019**, om 19H00 nm. Dit is nie 'n kompetisie nie, maar 'n heerlike kuier aand. Sop en vetkoek @ R 25 sal beskikbaar wees en die fondse is ten bate van die jeug. Skakel JC - 072 087 0932 **Die tyd raak min, onthou die programme moet gedruk word en die voorbereiding van die sop en vetkoek moet gedoen word.** Laat weet JC so gou as moontlik met watter talent jy geseën is.
- Dit is weer daardie tyd van die jaar waar Elna Clark voorbereidings doen om Reddersburg Kinderhuis te besoek. Wat kan ons as lidmate van Ontdekkers doen? Ons kan voorbidding doen dat die reis volgens plan sal verloop, kontant skenk of wit en grys skoolkouse saamstuur. Die ouderdom waarvoor daar kouse benodig word is vanaf 5 – 18 jaar, bydraes vir die lekkergoed pakkies kan geskenk word en kan by die kerkkantoor afgegee word.

- Die susters van die GK Kameeldrift hou op 24 Augustus 2019 'n damesoggend ten bate van die **kinderhuise in Pretoria en Reddersburg**. GK Kameeldrift gemeente doen 'n beroep op al die GKSA om tot hierdie doel by te dra, want vir 17 jaar samel die gemeente donasies in. Die geskatte inkomste van hierdie projek word reeds deel van die kinderhuise se begroting. Indien jy sou wou bydrae kan jy die duidelik gemerkte koevertjie (Kinderhuise) in die kollekesakkie sit. Die projek is tot 11 Augustus 2019. By voorbaat dankie vir elkeen se bydrae, hoe klein ook al.



Jy kort beter leermeesters as jou eie foute – deur Stephan Joubert

“Ons moet leer uit ons foute,” sê iemand. “Om wat daarmee te maak?” vra iemand anders. Goeie vraag, dink ek by myself! Ons sê graag ons moet ons foute in die oë kyk, maar doen ons dit? En help dit genoeg? Ek dink nie so nie. Ons is blind vir die meeste hiervan. Daarom herhaal ons dit gedurig. Nee, ons moenie dit ignoreer nie, maar ons kort beter leermeesters in ons lewe as ons eie foute. Ons is geroep om reg te leef tot eer van God. Daarom moet ons heel eerste by Homself leer. Die Bybel is ons amptelike padwyser om ons hiermee te help. Boonop is God se Woord 'n beter leermeester as ons foute. God se woord is die lig op ons lewenspad en die lamp vir ons voete soos wat ons in Psalm 119 lees. In die Bybel leer ons wat reg is en ook hoe om dit te doen. Dan hoef ons nie eers iets verkeerd te doen voordat ons uit ons foute moet leer nie. Dan doen ons uit die staanspoor wat reg is volgens die Woord. En as ons die slag droogmaak, dan volg ons ook die Skrif se roetewysers deur dit met berou aan die Here se voete te gaan neerlê en dit daar te laat staan.

Saam met die Woord het ons ook 'n lewende Leermeester wat ons in die volle waarheid lei - die Heilige Gees. Hy lei ons binne God se wil. Hyself oortuig ons wat die regte pad is en Hy sorg dat ons nie aanhoudend ons tone teen dieselfde klippe stamp nie. Die Gees maak dit wat Hy by Christus hoor aan ons bekend. So leer Jesus vir ons in Johannes 14 en Johannes 16. In die woorde van 2 Korintiërs 3 gebruik die Gees ons harte as sy nuwe skryfpapier. Hy maak ons van binne af nuut. Nou kan ons

koersvas op die Here se pad volhard, mits ons leerbaar bly en met oop ore deur die lewe gaan.



Hoe om hardop voor ander te bid

Is jy senuweeagtig om voor ander mense te bid? Volg hierdie riglyne om jou te help én kyk na Kruispad se 10 vinnige wenke om hardop te bid.

Daar is baie mense wat dit vermy om voor 'n groep mense te bid. Dis nie 'n noodsaaklikheid in jou lewe as Christen nie, maar soos met enige vorm van kommunikasie, kan jy met 'n bietjie beplanning en oefening dit aanleer.

“Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie” (Romeine 8:26). Hierdie woorde in Romeine is nie net belangrik vir jou persoonlike gebedslewe nie, jy kan dit ook in gedagte hou wanneer jy voor 'n groep moet bid.

Die doel van gebed

Gebed is belangrik vir jou persoonlike verhouding met God. Tog is daar ook 'n tyd wanneer ons as 'n groep saam ons harte voor God neerlê. Jy bid nie voor ander om hulle te beïndruk nie. Dit gaan glad nie oor jou nie, jy is die instrument wat hardop bid wat almal in hul harte het. Of jy nou saam jou gesin, vir iemand wat siek is, of saam 'n Bybelstudiegroep bid, jou taak is om die gemeenskaplike gevoel namens almal aan God uit te druk. Dit is 'n waardevolle manier om ander te dien.

Gesamentlike gebed in die Bybel

'n Groep mense wat saam bid en iemand wat hardop voor 'n groep bid, is nie vreemd aan die Bybel nie. Ons lees onder andere daarvan in Handeling 1:14 “Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.” In die Ou Testament sien ons ook voorbeelde van groepe wat saam bid. 2 Kronieke 6:13-4 is 'n voorbeeld hiervan, waar Salomo bid terwyl die mense van Israel by hom is: “Hy het daarop gaan

staan en toe kniel hy voor die hele gemeente van Israel ... "(2 Kronieke 6:13).

10 Vinnige wenke

1. Besluit vooraf dat jy hardop sal bid as die kans hom voordoen. So sal jy nie onkant gevang word nie.
2. Bid vooraf en vra God om jou te help dat jy sal weet wat en hoe om te bid. Hy is die een wat jou sal leer bid.
3. Bid hardop in jou stiltetyd. Só word jy gewoon aan jou eie stem en dit leer jou om jou gedagtes te formuleer.
4. Onthou die doel is om saam te bid en met God te kommunikeer, nie om vir mekaar te preek nie.
5. Jy het definitief nie groot woorde nodig nie. Hou jou aanbidding natuurlik en kort.
6. God luister nie net na jou woorde nie, maar na jou hart. Praat uit jou hart en jy sal die regte woorde sê.
7. Jy kan 'n oomblik neem terwyl almal stil raak, voordat jy begin bid, om jou gedagtes agtermekaar te kry.
8. Dink aan goed wat almal in die groep raak, soos 'n eksamen wat aan die kom is.
9. Jy bid namens almal, so onthou om ons in plaas van ek te gebruik terwyl jy bid.
10. 'n Gebed kan net aanbidding en danksegging ook wees. Daar is soveel waarvoor 'n mens dankie kan sê.

Almal moet 'n eerste keer hardop bid. Al struikel jy oor jou woorde, is dit belangrik dat dit jou nie moet keer om weer in 'n groep te bid nie.

(Bron: Kruispad e-Tydskrif)

OGGENDDIENS

TEMA: Net Jesus kan my in die arms van die Vader neerlê!

Stemmingsliedere

Ps. 31-2:6 & 7

Sb. 12-6:4 & 5

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Ps. 118:1 & 12

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

Wet: Matteus 22:37-40

Versoening: Jesaja 1:18

Ps. 130: 1 & 2 & 4

Woorddiens

Gebed

Sb. 14-2:1 & 2

Skriflesing: Matteus 11:25-30

Fokusvers: Matteus 11:28-30

Antwoorddiens

Gebed

Sb. 17-2: 4 & 5 & 7 & 8

Groetseën

AMEN

AANDDIENS

TEMA: Bid sonder ophou en bid doelgerig

Stemmingsliedere

Lied 212:1-3

Lied 175

Lied 190:1 & 2

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Ps. 135:1 & 2

Sb. 15-1:1 & 2

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Kolossense 4:2-6

Fokusvers: Kolossense 4:2-3

Antwoorddiens

Gebed: Sb. 10-2

Ps. 119: 62 & 63

Groetseën

AMEN

Sb. 519:1-4